Verwysing: 20191015-460
Lêernommer: 13/1/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuurminuut: 0014/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Verlenging van die Eksamenriglyne vir die 2017 Nasionale Senior Sertifikaat vir Graad 12 tot en met 2020

1. Die Eksamenriglyne vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) vir Graad 12 moet ná 'n driejaarlikse siklus hersien word om wysigings aan beleide en ander kontekstuele veranderinge te akkommodeer.

2. Die Eksamenriglyne vir die NSS vir Graad 12 is in 2017 hersien en is tans in gebruik. Hierdie riglyne **bly geldig** en sal in 2020 by alle skole geïmplementeer word wat die Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat aanbied.

3. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) sal egter nuwe eksamenriglyne vir Besigheidstudies en Rekeningkunde uitreik wat in 2020 geïmplementeer sal word.

4. Die Eksamenriglyne vir die 2017 Nasionale Senior Sertifikaat vir Graad 12 is beskikbaar op die DBO se webwerf, of kan verkry word via die volgende skakel: https://bitlylink.com/yqPPP.

5. Die Eksamenriglyne vir die Nasionale Senior Sertifikaat vir 2021 sal in 2020 aan skole beskikbaar gestel word.

6. Bring asseblief dié inligting onder die aandag van alle Graad 12-leerders, onderwysers en ouers.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-10-22